

# Dienelkander



**Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos**

21 Maart 2021

## **VLAK 1 EN ONS BEDIENINGE**

Alle lidmate is hartlik welkom by al die eredienste. Ons kan ongelukkig slegs 100 persone in die kerkgebou toelaat en 100 lidmate kan in die Skuur aan die erediens deelneem. Ons moet almal egter steeds baie verantwoordelik optree en te alle tye ons maskers dra en sosiale afstand handhaaf. Veral in die kerkgebou moet ons plek inneem soos aangedui deur die maskeerband op die banke. Sit asb net op plekke waar daar nie maskeerband geplak is nie, sodat ons veilig bymekaar kan kom. Lidmate kan ook weer in die konsistorie en moederskamers deelneem aan die erediens.

### **09:30 OGGENDEREDIENS/INTYDSE**

#### **UITSENDING:**

**Ds. Pieter van der Walt**

#### **Tema: Prioriteite!**

Die belangrike vraag vir elkeen van ons is, is jou prioriteite reg? Ons teks sê: "... beywer julle allereers vir die koninkryk van God..." Dit vra eerlike selfondersoek. Die Kategismus begin sy verklaring van die tweede bede van die Onse Vader-gebed (...laat u koninkryk kom...) met die treffende woorde: "Regeer ons deur u Woord en Gees..."

As koning van sy koninkryk regeer God nie met wette of 'n parate weermag nie, maar regeer Hy deur sy Woord en Gees. Hy werk diep in mense se harte sodat daar 'n nuwe geboorte plaasvind en word ons mense wat God eerste plaas, kinders van God wie se prioriteite reg is. Net so moet die kerk se prioriteite reg wees om in die eerste plek daarop te fokus om die evangelie van Jesus Christus suiwer te verkondig en uit te dra sodat almal dit kan hoor.

#### **Lofsang voor die aanvang van die diens:**

Ps 34-1:1, 2 (Tweede melodie)

#### **Ontmoetingsdiens**

Intreelied: Ps 150-1:1, 2; Votum; Seën; Loflied: Sb 1-2:1, 2, 3; Geloofsbelydenis: 12 Artikels

#### **Verootmoedigingsdiens**

Sing Ps 32-1:3 as inleiding tot ons verootmoediging voor die Here; Wetlesing: Eksodus 20; Gebed

#### **Woorddiens**

Sing Ps 89-1: 6; Skriflesing: Matteus 6:25-34; Tekstvers: Matteus 6:33 en Heid Kategismus Sondag 48; Woordbediening

## **Antwoorddiens**

Gebed; Sing Sb 18-6;1,4,5; Seën; Amenlied: Sb 13-2

**Liefdegawes by die deure: Kollektes vir die Diakonie en Teologiese studentekas.**

## **GEEN AANDDIENS VANAAND**

### **FOKUSTYD: WEEK SES**

Hierdie komende week gaan ons fokus op die opdrag van die Here: Maak die mense my dissipels. Ons gaan harde en eerlike vrae aan onself vra oor ons eie gehoorsaamheid en toewyding aan hierdie opdrag. Mag die Here gee dat Sy hart ook ons harte sal word.

### **NAGMAALVIERING OP SONDAG 28 MAART**

Ons gaan DV Sondag, 28 Maart, Nagmaal vier. Ons gaan dit weer soos in November verlede jaar met twee eredienste doen, sodat ons die hele gemeente geleentheid kan gee om die Sakrament te gebruik. Ons ruil hierdie keer die blokbywoning om, ter wille van vrede in die gemeente en sodat almal geleentheid kry om òf vroeg òf later erediens by te woon.

Eerste diens om 08:30 = Groepe 1 - 18

Tweede diens om 10:30 = Groepe 19- 36

12:00 Buitelugpiekniek: Nagmaalete - u moet asseblief aanduiding gee wie die Nagmaalete gaan bywoon.

### **MEELEWING**

- Patrick Scharpley het Dinsdagaand in die Here ontslaap in Medikliniek se ISE vanweë die COVID-19-virus. Carolina (Groep 9 - 076 199 8769) was intussen ook opgeneem, maar sterk nou tuis aan. Ons bid haar, Charlene en die hele familie die Here se troos toe.

- Cindy du Plessis (Groep 14 - 082 255 2484) en skoonma Corrie du Plessis (Groep 14 - 072 385 3650) het albei herstel van COVID-19.
- Christo vd Walt (Groep 25 - 083 644 6194) het Vrydag sy tweede oog se lensvervangingsoperasie ondergaan.
- Mathilda Willemse (Groep 21 - 082 375 9418) het Woensdag 'n skoueroperasie ondergaan.
- Ds. Koos Mouton (Groep 13 - 082 925 3959) ondergaan Dinsdag 'n operasie in Klerksdorp om 'n kankergewas aan sy neus te verwyder.
- Giel Vermeulen (Groep 3 - 082 764 4826) is baie siek tuis en ons bid hom beterskap toe.
- Truida van der Walt (Groep 31 - 076 015 8616) sukkel nog baie met haar rug en heup. Ons bid dat die dokters die bron van die probleem kan opspoor en help genees.

**Ons bid dat die Here beterskap, herstel, bemoediging en troos sal gee.**

### **ONS VRA VOORBIDDING VIR DIE VOLGENDE LIDMATE WAT SUKKEL MET SIEKTE OF SWAK GESONDHEID**

Isak vd Walt, Lana Labuschagne, Estette Bredenkamp, Annette Coetsee, Joe Coetsee en Annatjie Duvenage.

### **ONDERSTEUNING VIR SIEKES**

Vir ondersteuning of besoeke kontak ds. Piet of u ouderling om die nodige reëlings te tref.

### **BEDIENINGE VAN HIERDIE WEEK**

#### **Vandag**

09:30 Erediens in die kerkgebou en saal

Geen Kleuterbediening

Geen Katkisasie

Geen aanddiens

## Maandag

17:15 Finans: Tel

## Dinsdag

06:00 Manne Ondersteuningsgroep  
11:00 Troosdiens Patrick Scharpley  
17:15 Katkisasie graad 11  
18:00 Ouderlingeverg: Begroting

## Woensdag

17:15 Katkisasie graad 8  
18:00 Katkisasie graad 9  
18:30 Katkisasie graad 10  
19:00 Fokustyd: Aanlynvrae en bespreking

## Donderdag

18:00 Elim Bybelstudie  
19:00 Bybelstudie: Klipdrif

## Vrydag

17:30 vir 18:00 Diakonie: Toerusting en braai

## Vrydag, 26 Maart

Br Kruger Breed

078 464 8710

## Saterdag, 27 Maart

Br Pierre Viviers

082 377 7699

## OOSDOPPERFEES 2021

Liewe gemeente

Ons gaan voort om hierdie jaar se fees te beplan in die vertroue dat die sg "Derde Golf" van die Pandemie verby sal wees, voor ons die winter tref!

Die Oosdopperkomitee se vleisafdeling vra asseblief vir bees- of vleisskenkings! Praat gerus met Anna Smith as jy vir ons 'n vleisdonasie kan gee. Ons gaan weer lekker Oosdopperwors maak na 'n lang "droogte" in ons vrieskaste!

## VERJAARSDAE

Baie geluk aan almal wat DV hierdie week verjaar!

### Sondag, 21 Maart

Sr Hanlie Bezuidenhout 082 335 3304  
Br Jacques Labuschagne 083 629 8261

### Maandag, 22 Maart

Br Riaan Human 082 460 3049  
Sr Petro Liebenberg 078 119 2181  
Sr Esta v Niekerk 082 839 2043

### Dinsdag, 23 Maart

Sr Ansie Bezuidenhout 072 360 8036  
Br Dirk Snyman 082 367 3778

### Woensdag, 24 Maart

Sr Elsie Buijs 082 875 3159  
Br Marnus Laufs 067 375 1775  
Br Hans Laufs 072 041 7401

### Donderdag, 25 Maart

Jbr Schalk du Plessis  
Br Pieter Geyer 071 201 3527  
Sr Martje Smits (89)

## BYBELLEESPROJEK



Week 10 is hier en ons lees die week saam:

Maandag Rigters 4:1 – 8:35  
Dinsdag Rigters 9: 1 – 11:21  
Woensdag Rigters 11:22 – 14:20  
Donderdag Rigters 15:1 – 17:13  
Vrydag Rigters 18:1 – 19:30  
Saterdag Rigters 20:1 – 21:25  
Sondag Rut 1: 1 – 4:22

Stuur jou klagtes of gedagtes, enige navrae of versoeke aan Erasmus Venter by 076 090 4459, of stuur 'n e-pos aan eav.venter@gmail.com

## DIAKONIE TOERUSTING EN KUIER

Ons Diakens gaan volgende Vrydag-aand toerusting ontvang, aangebied deur Ds. Daan Bakker. Na die aanbieding gaan



hulle saam kuier. Ons versoek alle diakens om die geleentheid mee te maak.

## **DEPUTATE KERKLIKE TYDSKRIFTE DRINGENDE VERSOEK OM HULP**

Eerwaarde Kerkraad, broers en susters,  
Die Deputate Kerklike Tydskrifte neem hiermee die vrymoedigheid om die kerke te nader met 'n dringende versoek om te verhoed dat ons kerklike tydskrifte finansiëel ondergaan.

Ons kerklike tydskrifte, wat deur die kerke tot stand gebring is, verkeer tans in die grootste krisis van hulle bestaan, en daar is 'n wesenlike moontlikheid dat 'n blad soos Die Kerkblad na 147 jaar nie langer sal kan voortgaan nie.

Daar is volgens die oordeel van die Bestuur veral twee redes vir die huidige krisis. In die eerste plek het die bydraes van ons kerke drasties afgeneem as gevolg van die ekonomiese situasie in ons land. Hiermee saam het die korona-pandemie 'n belangrike rol gespeel deurdat kerke vir baie maande nie eredienste kon hou en kollektes vir die kerklike tydskrifte nie ingesamel kon word nie.

Tweedens neem die intekenaartal voortdurend af en moet 'n klein groepie intekenare die stygende koste dra. Wat 'n blad soos Die Kerkblad betref, is daar op die oomblik net meer as 1300 intekenare wat die papierkopie ontvang.

Wat Die Kerkblad alleen betref, beloop die tekort vir die afgelope 30 maande 'n bedrag van R160 000.00. Gevolglik is die fondse van Die Kerkblad geheel en al uitgeput. Die situasie by die Vroueblad en Slingervel is ook kommerwekkend. Die Bestuur van die Buro, saam met die Deputate vir Kerklike Tydskrifte en die redaksies gee tans dringende aandag aan die saak, maar sonder die hulp van ons kerke, wat uiteindelik die verantwoordelikheid vir die tydskrifte dra, is 'n blywende oplossing nie moontlik nie. 'n Dringende vergadering van die Deputate Kerklike Tydskrifte saam

met lede van die Bestuur is op 3 Maart 2021 gehou om die krisis indringend te bespreek en alternatiewe wyses van bemerking en verspreiding van die tydskrifte te probeer vind. Die saak van elektroniese verspreiding het onder andere aandag gekry asook metodes om die finansiële tekorte aan te vul en kostes drasties te besnoei.

Die Deputate Kerklike Tydskrifte het volle begrip vir die finansiële situasie waarin baie gemeentes hulle bevind. Ons is egter ook bewus van gemeentes en individuele lidmate wat werklik in die vermoë is om 'n bydrae te kan maak.

Ons kan die ems van die situasie nie genoeg beklemtoon nie. Daarom doen ons 'n dringende beroep op ons kerke om ons behulpsaam te wees om hierdie krisis te hanteer. Dit kan gebeur deur:

- "agterstallige kollektes" dringend aan te stuur;
- behalwe die kollektes, ekstra bydraes te oorweeg wat nie noodwendig in een bedrag oorbetal moet word nie;
- deur 'n beroep te doen op vermoënde lidmate om 'n bydrae vir hierdie belangrike saak te oorweeg.

Ons versoek dan ook dat u asseblief hierdie skrywe aan al die lidmate deurgee.

Ons is oortuig dat die uitdra van die Bybelse beginsels en waarhede deur middel van ons kerklike tydskrifte 'n blywende roeping is. Mag ons kerke die genade ontvang om ook in hierdie opsig ons verantwoordelikheid voor die Here na te kom.

Ons neem ook die vrymoedigheid om u voorbidding vir ons kerklike tydskrifte te vra, en verseker u graag van ons voorbidding vir U as kerkraad en gemeente van ons Here Jesus Christus.

Ons groet U in sy Naam

DR. J LION-CACHET

(voorsitter Deputate Kerklike Tydskrifte)

## ELEKTRONIESE INTEKENING

Lidmate moet ook onthou dat Die Kerkblad en Die Vroueblad beide elektronies beskikbaar is en dat die intekengeld daarvoor heelwat goedkoper is as die papierkopië.

## TOPIA

### Opleiding in Suid Afrika en Mosambiek

**Opleiding in Suid Afrika** - Na Johannes die voorreg gehad het om vir vier maande by Kameeldrift gemeente te dien kon hy in November vir twee weke by **Back to the Bible Mission**, in die Barberton omgewing, eerstejaar sendelinge toerus. In die eerste week is die invloed van Westerse- en Afrika-denke behandel en was daar 'n sterk fokus om deur middel van Bybelse denke die leuens van Afrika en die Weste aan te spreek. In die tweede week het hulle diensknegleierskap hanteer. Buiten die Bybelse onderbou het die studente ook die sendingstasie gedien deur grond in te ry en 'n rotstuiw te maak by die toegangshek van *Back to the Bible*. Topia het ook die derdejaar studente vanaf 8 - 12 Maart bedien. Topia sou eintlik toerusting in Zambië gedoen het, maar dit is weens Covid-19 na die tweede semester verskuif. Johannes het toe eerder die voorreg gehad om Bybelse dissipelskap met 26 derdejaar studente te doen. Ds. Thys Lourens van GK Nelspruit, met wie Johannes 'n woonstel te gedeel het, het Genesis met die eerstejaars deurgewerk. In die derde en vierde week van November is die Bybelse waarhede teenoor die Westerse- en Afrika-denke by die somerskool van *Dumisani Bible Institute* in die Oos Kaap aangebied.

**Opleiding in Mosambiek** - Johannes het op 16 Maart saam met Danie Murray van die Handevat bediening na Mosambiek vertrek met die doel om leiers van die Gereformeerde kerke in die Noorde van Mosambiek te besoek en toe te rus. Bid asseblief vir die besoek en vir ons broers en susters wat in Mosambiek weens droogte en vervolging baie swaar kry. Indien jy 'n wil bydra vir hierdie besoek wil maak, sien die bankbesonderhede hier onder.

TOPIA het 'n **Whatsapp broadcast** waardeur jy beriggies en gebedsversoeke kan ontvang. Ons gebruik Whatsapp veral wanneer ons weg van die huis is. **Indien jy deur Whatsapp nuus wil ontvang, laat weet asseblief vir Lizanne by 084 555 1890.**

TOPIA MEDEWERKER: Ondersteun ons deur te bid, te help met opleiding of deur 'n koninkryksbelegging via Zapper, Snapscan of EFT te maak.

Na ons vaste maandelikse inkomste benodig TOPIA R16 000 per maand. Ons vra dus mooi of jy nie biddend sal oorweeg om op 'n vaste maandelikse basis TOPIA te ondersteun nie.

#### EFT

TOPIA FNB  
Tjekrek: 62769393712  
Takkode: 250655

#### Zapper



#### Snapscan



AAN GOD AL DIE EER - IN HOM, DEUR  
HOM EN VIR HOM!

### KERKLIKE TYDSKRIFTE

Die Kerkblad en Vroueblad is beskikbaar in die voorportaal van die Skuur vir lidmate wat daarop ingeteken is.

### KENNISGEWINGBORD

- Tweeslaapkamer-tuinwoonstel te huur.
- Vakature: Administratiewe Buro - Assistent van die rektor en rektoraat van die Teologiese skool. CV na [wymiedup@gksa.co.za](mailto:wymiedup@gksa.co.za)

### ALGEMENE INLIGTING:

### WOW-HERWINNINGSPROJEK (WEN ONS WêRELD)

Papier, plastiek, karton, glas, blikkies en

polistireen - *hoef nie gesorteer te wees nie, herwinningsitems moet wel in plastieksakke toegebind wees EN PLASTIEKBOTTELS MOET ASB PLAT GETRAP WORD. ASB GEEN huisafval nie!* Die glas/blikkies/plastiek moet asb **uitgespoel** wees.

### LIEFDEGAWES VIR BARMHARTIGHEID (DIAKONIE)

ZAPPER (Selfoontoepassing)

Hierdie QR-simboolkode is gekoppel aan die Diakonie se rekening en slegs bydraes vir Barmhartigheid kan daarmee gemaak word - geen ander betalings aan die Diakonie of kerkraad nie.



### KOLLEKTES VIR KERKVERBAND

Al die gemeentes in die kerkverband dra ook kollektes af vir besondere behoeftes in die kerke. Vandag se kollektes is vir die **Teologiese Studentekas**.

### SOSIALE MEDIA VIR ONS GEMEENTE

WhatsApp: GK Potch-Oos nommer:  
067 713 2332

Webblad: [www.oosdoppers.co.za](http://www.oosdoppers.co.za)

Facebook: [www.facebook.com/oosdoppers](http://www.facebook.com/oosdoppers)

**Videos van elke erediens kan hier gesien word:**

Facebookblad: Gereformeerde Kerk Potch-Oos, vir videos van preke by <http://ow.ly/ivfZ309vsdc>

Ds. Piet stuur weekliks sy preke per e-pos uit. Laat weet hom indien jy dit wil ontvang.

### KONTAKBESONDERHEDE: PREDIKANT, HULPDIENS, KANTOOR EN KOSTER

Ds. Piet: 018 290 5635 / 082 779 1237

Hulpdiens: Ds. Pieter vd Walt - 082 851 3637

Erasmus Venter - 076 090 4459

Kerkkantoor: Adele - 018 290 7690 /

082 532 8658

[kerkkantoor@oosdoppers.co.za](mailto:kerkkantoor@oosdoppers.co.za)

Koster: Dawie v Zyl - 082 774 7936

### BANKBESONDERHEDE

#### Geref. Kerk Potchefstroom-Oos

ABSA Bank

Tjekrek: 670 340 066

Takkode: 632-005

#### Diakonie

ABSA Bank

Tjekrek: 670 280 160

Takkode: 632-005

#### Susters

Capitec Bank

Spaarrek: 145 652 5695

Takkode: 470-010



# SUSTERS IN DIE GELOOF

HOOP IN 'N WÊRELD WAT MET HOPELOOSHEID GEVUL IS.  
*1 PETRUS 1: 3-4 "...NOU HET ONS 'N LEWENDE HOOP....."*

## Sustersbydrae



Die susters se fondse word uit elke suster se vrywillige bydrae (R150 per jaar) verkry, asook uit die fondse wat tydens fondsinsamelingsgeleenthede geïen word. Hierdie geld word gebruik om na minderbevoorregtes uit te reik en daar word jaarliks aan verskillende verdienstelike instansies, donasies gegee.

Dankie vir die susters wat op gereelde basis 'n bydrae vir hierdie werk gee.

## Blikkies-Warmharte



Die doel van die blikkies (wat jy in die voorportaal van die kerk kan kry) is dat almal hulle lastige kleingeld in 'n blikkie sal gooi en die vol blikkie dan in die voorportaal van die kerk sal neersit. Die geld word dan gebruik om blomme of iets toepaslik aan te koop vir iemand wat deur beproewing gaan.


**Baie dankie vir julle getroue bydraes!**

## Nagmaalete: 28 Maart

Anna Smith en die susters van Blok B nooi die gemeente na 'n heerlike nagmaalete in die vorm van 'n piekniek!

**Spyskaart:** Hoenderpastei, frikkadelle, wortelslaai,  
aartappelslaai, broodrolletjies en nagereg.

**Kostes:** R40 p/persoon





# Oosdoppertjies

Johannes 3:16

Want so lief het God die wêreld gehad, dat hy sy enigste Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe mag hê.

---

## GESIN ONTSNAP WATERGRAF

- Oorleef 375 dae in “ark” -

ARARAT. – Dit was ‘n blye dag vir Noag en sy gesin toe hulle vandag, na ‘n verblyf van ‘n jaar en tien dae in ‘n reuseskip, die eerste keer weer hulle voete op droë grond kon neersit. Saam met hulle het talle diere wat ook in die skip, of “ark” soos hulle hom noem, die watervloed ontvlug het, vandag ‘n nuwe tuiste op droë grond gesoek.

Volgens Noag het God hom al etlike jare gelede oor die vloedramp ingelig met die opdrag dat hy die skp moes bou om aan die vloed te ontsnap. Hoewel hy die mense gewaarsku het, het almal vir hom gelag omdat hy ‘n skip op droë grond gebou het. Toe die reëns begin val, was dit net hy en sy huis wat voorbereid was.

“Dit was verskriklik. Ek het nooit geweet daar is so baie water nie. Dit het net geval en geval, veertig dae lank onophoudelik! Al die mense het verdrink. Daar het nie een oorgebly nie,” het hy kopskuddend gesê terwyl hy oor die wye oop ruimtes beduie het. Op die vraag waarom juis hy deur God gekies is om die vloed te ontkom, het hy net sy skouers opgehaal. “Dis net genade. Wat ken ek meer sê?”

Lees hiervan in Gen. 6-8.

Bron: Bybelkoerant

## BAIE DANKIE AAN ONS BORG VAN DIE WEEK!



**Sanet Ras Prokureurs**

**OPSTEL VAN TESTAMENTE.  
BEREDDERING VAN BOEDELS.  
ALLE EIENDOMSTRANSAKSIES.**

Van Riebeeckstraat 101, Potchefstroom  
Tel: (018) 294-8953 k/u